

**22 Februarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 18 (vgl. 2 Sam 22)**

**Fokusgedeelte: Psalm 18: 2, 3**

**Die Here is 'n rots vir dié wat Hom liefhet**

In doodsgevaar het Dawid baie benoud na die Here geroep (vs 4-7). Die Here het op 'n gerub geklim en gevlieg – wolke en wind, 'n aardbewing, hael en weerlig het die see oopgeklou! (vs 8-16). Só het Hy hom van sy vyand gered omdat Hy hom liefhet (vs 17-20).

Die HERE se geregtigheid hou verband met gehoorsaamheid aan Hom. *Hy is 'n rots vir dié wat Hom liefhet* (vs 21-32). Daarom laat Hy Dawid oorwinnings behaal (vs 33-46). Daarom sluit Dawid sy lied af met 'n lofprysing aan sy Rots (vs 47-51).

Twee geloofswoorde harmonieer dié danklied. Ons Gereformeerde gelowiges, wat in 2009 dankfees vier vir die 150-jarige bestaan van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, behoort hierop ag te gee –

Rots. Deur ons geskiedenis heen – aanvanklik die skeldnaam: *Dopper*; by tye beduidende invloed in die samelewing vir so 'n klein kerkie; oor die laaste jare krimpende getalle en skerp onderlinge meningsverskille – was en bly die Here 'n rots vir ons. Dit is skuilplek, sterkte, onveranderlikheid, redding, beskerming.

*Liefde*. Alles wat ons so ernstig en korrek van Hom bely, beteken niks as ons Hom nie liefhet nie. Het ú Hom lief – of is u dalk huiwerig om dié woord hardop in gebed vir Hom te sê?

*Sing: Psalm 18:1, 12 (1936)*

*Ds J Botha (Laeveld)*

